



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2012**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

---

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP (VRAAG 1, 2 en 3)	(30)
AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 4)	(10)
AFDELING C: TAAL (VRAAG 5, 6 en 7)	(40)
2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep dwarsoor die bladsy na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP****VRAAG 1: LESERS SE BRIEWE**

Lees die volgende drie briewe wat deur lesers aan *Huisgenoot* geskryf is en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.

**LESERSVORM*****Wat word van Afrikaans?***

Vandag voel ek sommer baie ontsteld. Ek is 'n trotse Afrikaanssprekende, maar dit lyk vir my asof Afrikaans al meer afgeskeep word. Afrikaans is die tweede grootste taal in Suid-Afrika. Oral waar ek kom, moet ek Engels praat. Klim ek op 'n vliegtuig van die Suid-Afrikaanse Lugdiens, word daar Engels en ja, selfs Duits gepraat. Afrikaanssprekendes moet tevrede wees met een Afrikaanse woordjie aan die einde van die vlug: "Tot siens." Dit maak my kwaad. Dit lyk asof daar doelbewus daaraan gewerk word om Afrikaans uit die pad te kry. Is daar nog plek vir Afrikaans in ons land?

**SHAWN RICHARDS: E-POS**

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 24 Februarie 2010]

Afrikaans is nie die tweede grootste taal in die land nie. Daar bly sowat vyftig miljoen mense in Suid-Afrika. Omtrent 70% van hierdie mense praat 'n Afrika-taal. Hoe kan Afrikaans dan die tweede grootste taal wees? Waarom moet ons in 'n land dan waar die meeste mense nie Afrikaans praat nie, spesiaal probeer om Afrikaans aan die lewe te hou? Die waarheid, Shawn, is dat Afrikaans gaan uitsterf. Daar is niks wat die handjievool van ons wat dit eksklusief in Suid-Afrika praat, daaraan kan doen nie. Daar is nie meer plek vir Afrikaans as 'n amptelike taal in ons land nie.

**RITZ: E-POS**

Ek wil net vir Shawn vra: Is Afrikaans werklik die tweede grootste taal in Suid-Afrika?  
Natuurlik is daar nog plek vir Afrikaans. Selfs president Jacob Zuma het verlede week Afrikaans gepraat toe hy in parlement gepraat het. Ek dink net dit is tyd dat mense wat Afrikaans praat, moet ophou kla dat Afrikaans afgeskeep word. Solank ons Afrikaans bly praat, sal ons kinders en kleinkinders die taal leer. Dit beteken dat Afrikaans nie in my of Shawn se leeftyd sal uitsterf nie.

**CHERYL FRANCIS: E-POS**

Ek stem heeltal saam met Shawn. Dit is asof 'n mens oral dieselfde boodskap kry: "Afrikaans is nie meer welkom nie." Ek het dit ondervind met Purity-babakos. Daar is Engels en twee Afrikatale op hul produkte. Geen woord Afrikaans nie. Toe ek Purity kontak, was die antwoord: "Daar is nie genoeg plek vir Afrikaans op hul produkte nie."

Dit is dus asof hulle duidelik 'n boodskap wil uitstuur dat Afrikaans nie tel nie. Wat gaan ons doen?

**ONTSTOKE: E-POS**

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 3 Maart 2010]

**VRAE**

- 1.1 Watter sin voltooi die volgende sin korrek.  
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.
- Shawn Richards skryf dat “selfs Duits” deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens gebruik word.
- Hiermee wil hy beklemtoon dat ...
- A min mense in Suid-Afrika praat Afrikaans.  
B meer mense in ons land moet leer om Duits te praat.  
C Afrikaans afgeskeep word.  
D Duits ’n belangrike taal is. (1)
- 1.2 Hoekom is Shawn ontevrede met Suid-Afrikaanse Lugdiens? (1)
- 1.3 Watter gebeurtenis het die skrywer van die derde brief laat besef dat daar nog plek vir Afrikaans is? Haal net EEN SIN as jou antwoord aan. (1)
- 1.4 Volgens die skrywer van die derde brief, wat is die belangrikste ding wat moet gebeur om te keer dat Afrikaans verdwyn? (1)
- 1.5 Met watter gevoel van Shawn stem “Ontstoke” (skrywer van die laaste brief) saam? (1)
- 1.6 Hoe het Purity op die brieffskrywer se klag gereageer? (1)
- 1.7 Vergelyk Ritz en Cheryl se briewe.
- 1.7.1 Hoe verskil die gevoelens van die twee skrywers oor die toekoms van Afrikaans? (2)
- 1.7.2 Waarmee stem die twee skrywers saam? (1)
- 1.8 Volgens die skrywer van die tweede brief is daar mense wat Afrikaans in ’n paar Afrikalande praat.
- 1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.8.2 Haal EEN WOORD aan om jou antwoord in VRAAG 1.9.1 te bewys. (1)
- 1.9 Die skrywer van die tweede brief sê dat Afrikaans gaan uitsterf.
- 1.9.1 Is die onderstreepte woorde ’n FEIT of ’n MENING? (1)
- 1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1. (1)
- 1.10 Hoe weet jy dat al die skrywers toegang tot ’n rekenaar het? (1)

**VRAAG 2: RESENSIE**

Lees die volgende resensie uit *Die Burger* en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

**ROLPRENT: GREEN LANTERN****Ryan Reynolds**

1. Ek is 'n groot aanhanger van *Green Lantern*. Ek koop elke maand die strokiesboeke en dra my T-hemp met trots. Ek het darem die streep getrek by *Green Lantern*-beddegoed en -onderklere.
2. *Green Lantern* is lekker springmielievermaak, maar gaan Marvel nog nie van sy troon skuif nie. DC volg hier die standaard-superheldstorie en die fliëk kort iets wat hom bo die gemiddelde laat uitstyg. *Iron Man* en *Thor* het 'n nuwe standaard gestel wanneer dit by superheldfliëks kom.
3. Ryan Reynolds speel Hal Jordan, 'n toetsvlieënier wat sy eie kop volg. Een aand word hy deur 'n energieborrel opgeraap en geneem na waar 'n ruimteskip neergestort het. 'n Sterwende ruimtewese vertel Jordan "die ring" het hom gekies omdat hy vreesloos kan wees, en Jordan is nou lid van die Green Lantern Core. Hulle kan die ring gebruik om aan enige gedagte 'n fisieke vorm te gee. Hy leer die ring gebruik en wys hy het die potensiaal om die beste te wees.
4. As 'n aanhanger dink ek die strokiesboek se intrige is nogal getrou na die silwerdoek gebring. Die fliëk kort daardie "vonk" wat *Thor* beter maak, maar dit is steeds groot pret om na te kyk. Reynolds is 'n goeie superheld, die rekenaareffekte is goed en Peter Saarsgaard is grillerig genoeg as die skurk, Hector Hammond.
5. Ek het die fliëk regtig geniet, dalk omdat ek die karakters ken, maar ek kan dit aanbeveel vir almal wat op soek is na 'n ligte, prettige superheldfliëk. Al ken jy die karakters nie goed genoeg om beddegoed te regverdig nie.

**MORNÈ SCHAPP**[Verwerk uit: *Die Burger*, 23 Junie 2011]

**VRAE:**

2.1 Haal DRIE AGTEREENVOLGENDE WOORDE aan wat daarop dui dat die resensie-skrywer baie van *Green Lantern* hou. (1)

2.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Ek het darem die streep getrek by *Green Lantern*-beddegoed en -onderklere beteken dat ...

- A die skrywer gestreepte beddegoed en onderklere gekoop het.
- B die skrywer nie die beddegoed en onderklere gekoop het nie.
- C die skrywer die beddegoed en onderklere snaaks gevind het.
- D die skrywer baie van die beddegoed en onderklere gehou het. (1)

2.3 *Green Lantern* is net so goed soos Marvel se rolprente.

2.3.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.3.1 deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (1)

2.4 Kies die antwoorde uit KOLOM B wat die beste pas met die karakters in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer en die KORREKTE letter (A – D) neer.

KOLOM A	KOLOM B
2.4.1 Hector Hammond	A aanhanger
2.4.2 Ryan Reynolds	B oorlede
2.4.3 Ruimtewese	C vreesloos
	D Peter Saarsgaard

(3)

2.5 Haal EEN WOORD uit paragraaf 3 aan wat daarop dui dat 'n ramp plaasgevind het. (1)

2.6 Die skrywer sê dat hy die fliëk regtig geniet het. (par. 5)

Wat is miskien die rede hiervoor? (1)

2.7 “Al ken jy die karakters nie goed genoeg om beddegoed te regverdig nie.” (par. 5)

Wat bedoel die skrywer hiermee? (1)

**[10]**

**VRAAG 3: ADVENTENSIE**

Lees die volgende advertensie aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

NEEM DIE  
EISH UIT

# tax{eish}ion

**Uitspraak: {aysh of eesh}**  
-tw.

{Oorsprong: Suid-Afrikaanse spreektaal, sleng}

1. 'n Uitroep van **verwarring**, **verstomming** en **verbystering**, gewoonlik gebruik wanneer jy al jou belastingdokumente probeer uitpluis.

**bankrekening, mediese-fonds, IRP 5, ens... ens...eish!!!**

**Belastingseisoen is hier.**

Eish! Ons verstaan dat dit ingewikkeld kan wees om al jou belastingdokumente uit te pluis. Besoek net jou naaste SARS-tak met jou belastingcertifikate, ID, bewys van bankbesonderhede en woonadres adres en ons sal die eish uit *tax-eish-ion* neem deur dit alles te doen.

SARS

Tot jou diens.

[Verwerk uit: *Beeld*, 7 September 2011]

**VRAE:**

- 3.1 Gee 'n suiwer Afrikaans woord vir "tax". (1)
- 3.2 SARS trek 'n persentasie van alle werkers wat meer as R60 000 verdien af.
- 3.2.1 Dink jy dat dit reg is dat SARS geld van werkers aftrek?  
Skryf net JA of NEE in jou antwoordeboek.
- 3.2.2 Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 3.3 In watter land gebruik die mense gewoonlik die uitroep, "eish"? (1)
- 3.4 Die advertensie sê dat 'n mens gewoonlik hierdie uitroep gebruik wanneer jy al jou belastingdokumente probeer uitpluis.
- Wat is die rede hiervoor? (1)
- 3.5 Hoe sal SARS jou help om die "eish" uit "tax'eish'ion" te neem? (1)
- 3.6 Watter WOORD sê vir die leser dat dit nie maklik is om al jou belastingdokumente uit te pluis nie? (1)

[6]

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING****VRAAG 4: Hoe om iemand oor te wen**

- Som die wenke oor hoe om iemand oor te wen in SEWE sinne op.
- Skryf die wenke in volsinne neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE GETAL woorde aan die einde van die opsomming aan.

**Hoe om mense oor te wen**

1. Om mense oor te wen is nie so moeilik as wat sommige mense dink nie. Dit is basies so eenvoudig as om te kies om vriendelik met ander te wees! Met amper geen moeite kan selfs die moeilikste mens maklik vriende maak deur net 'n paar eenvoudige riglyne te volg.
2. Die meeste mense wil voel dat hulle waardeer en op prys gestel word. Een van die beste maniere om mense te kry om van jou te hou en jou geselskap te geniet is om na hulle te luister en belangstelling te toon in wat hulle sê. Respekteer hulle sienswyses en opinies.
3. Knoop 'n gesprek aan wanneer jy iemand vir die eerste keer ontmoet deur jouself voor te stel en vrae te vra wat jou in staat sal stel om die persoon beter te leer ken. Dit sal die gesprek laat vloei en jy sal uiteindelik 'n onderwerp vind wat julle gemeen het, en waaroor julle kan gesels.
4. Soek sterkpunte en goeie kwaliteite in mense wat onseker van hulself is. Moet nooit swakhede beklemtoon, soos om iemand verdedigend, dom of laf te noem nie. Dit is vernederend en niemand wil verneder word nie. Prys mense eerder en laat hulle goed oor hulself voel.
5. As jy voel dat jy iemand moet tereg wys om hulle op een of ander manier te help, doen dit in 'n private plek en doen dit op 'n positiewe manier, en so hofflik, en sensitief as moontlik. Om in ander se probleme belang te stel wys dat jy omgee.
6. Vind mense se doelstellings en mikpunte uit. Moedig hulle aan en help hulle om hul ambisies te vervul. As jy mense behandel soos wat jy behandel wil word, sal jy heel waarskynlik hul vriendskap wen. Maar as jy nie bereid is om ander te help nie, kan jy nie verwag dat hulle jou gaan help nie.
7. Moet nooit iemand afbreek of agter hul rug skinder nie – hulle vind dit die meeste van die tyd uit. Praat altyd positief van mense. As jy nie van iemand hou nie, is dit beter om eerder niks oor hulle te sê as om op 'n negatiewe manier oor hulle te praat nie.
8. Al hierdie pogings om ander oor te wen moet opreg wees. Wees warm en opreg, en leer uit jou foute om nie moontlike teleurstelling by ander te veroorsaak nie. Werk daaraan om jou sosiale vaardighede te verbeter en jy sal verseker betekenisvolle en langdurige verhoudings ontwikkel.

[Verwerk en bygewerk uit: *My Loopbaan*, Internet Artikel]



## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 5: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



[Spotprent uit: *Beeld*, 18 Julie 2011]

- 5.1 Gee 'n sinoniem vir die woord tussen hakies.  
Nelson Mandela is een van ons land se (oud-presidente). (1)
- 5.2 Vorm 'n samestelling van die woorde tussen hakies.  
Sy (stam+naam) is Madiba. (1)
- 5.3 Kies die woord met die KORREKTE spelling.  
Hy (vier/vuur) sy verjaarsdag in die Transkei. (1)
- 5.4 Gee die woorde tussen hakies voluit.  
Dit is sy (93ste) verjaarsdag. (1)
- 5.5 Gee die korrekte vorm van die vetgedrukte woord.  
Alle **Suid-Afrika** hoop dat hy sy honderdtal sal sien. (1)
- 5.6 Rangskik die volgende groep woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.  
Skryf die hele sin uit.  
Mandela is (met liefde) (dwarsoor die wêreld) (altyd) oorlaai. (1)

- 5.7 Skryf die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord.  
Mandela is 'n **beroemde** vegter vir mense se regte. (1)
- 5.8 Gee die KORREKTE vorm van die woorde tussen hakies.  
Hy was die (eers) president van ons demokratiese land. (1)
- 5.9 Verbind die volgende sinne.  
Begin soos aangedui.  
Daar is baie kerse op die koek.  
Hy gebruik 'n brandblusser om die kerse dood te blaas.  
Omdat ... (2)
- 5.10 Gee die verkleinwoord van die vetgedrukte woord.  
Daar is 93 **kerse** op sy verjaarsdagkoek. (1)
- 5.11 Skryf die teenoorgestelde/antoniem van die woord tussen hakies.  
Madiba besoek (selde) sy geboorteplek in die Transkei. (1)
- 5.12 Voltooi die volgende vergelyking deur die ontbrekende woord in te vul.  
Madiba was so trots soos 'n \_\_\_\_\_ toe hy die veranderinge in ons jonger geslag gesien het. (1)
- 5.13 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.  
Gracia vra vir Madiba: "Gaan jy die kerse doodblaas?" (2)
- 5.14 Skryf die volgende sin oor in die toekomstige tyd.  
Al die mense wens Madiba geluk. (1)
- 5.15 Skryf die volgende sin oor in die passiewe/lydende vorm.  
Gracia steek al die kerse aan. (1)
- 5.16 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.  
Die (aftree) president geniet sy lewe in Qunu. (1)

**VRAAG 6: STROKIESPRENT**

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.

**MEESTER**

Danie Cronjè



[Spotprent uit: Proscan, Internet, 1 September 2010]

- 6.1 Gee die KORREKTE vorm van die vetgedrukte woord.  
Vandag is die onderwyser **kwaad** as gister. (1)
- 6.2 Verbind die twee sinne met die voegwoorde tussen hakies.  
Neelsie het nie vir sy toets geleer nie.  
Hy het baie swak in die toets gevaar. (dus) (1)
- 6.3 Verander die stelsin in 'n vraagsin. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.  
Neelsie het nie weer **sy huiswerk** gedoen nie. (1)
- 6.4 Kies die KORREKTE voorsetsel.  
Die onderwyser rig sy vinger (na/vir/op) Neelsie. (1)
- 6.5 Skryf die onderwyser se woorde oor in die verlede tyd. (Raampie 3)  
Jy kan bly wees ek is in 'n goeie bui. (2)
- 6.6 Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.  
Meneer sê aan Neelsie: "Jy het nie weer vir jou toets geleer nie."  
Begin so: Meneer sê aan Neelsie dat ... (2)
- 6.7 Skryf die bevel oor in die ontkennende vorm.  
Maak asseblief jou boek toe! (2)
- 6.8 Gee die teenoorgestelde geslag van die vetgedrukte woord.  
Die **onderwyser** is smoorkwaad vir die leerder. (1)
- 6.9 Skryf die sin oor in die teenwoordige tyd.  
Die onderwyser het Neelsie aangeraai om vir sy toets te leer. (1)

6.10 Skryf die sin oor in die bedrywende/aktiewe vorm.

Neelsie is deur die onderwyser geskel.

Begin so: Die onderwyser ... (1)

6.11 Skryf die sin in die direkte rede.

Meneer sê vir Neelsie dat hy sy ouers gaan bel. (2)

6.12 Watter aanduiding is daar in die onderwyser se liggaamstaal wat wys dat hy sy humeur verloor het? (1)

**[16]**

**VRAAG 7: GRAPPIE**

Die taalvrae wat volg, is op die grappie hieronder gebaseer.

Daar is 'n leestekenfout in hierdie grappie wat jy in die vraag gaan regstel.

**Waar is jou broer?**

“Wat het van jou broer geword” vra die een krokodil aan die ander.

“Ek het hom lanklaas gesien.”

“O, hy reis die hele wêreld deur. Hy’s deesdae ’n reistas.”

[Verwerk uit: *Kort Grappies*, Internet]

- 7.1 Skryf die eerste sin oor en vul die ontbrekende leesteken in.  
 “Wat het van jou broer geword” vra die een krokodil aan die ander. (1)
- 7.2 Gee die meervoud van die vetgedrukte woord.  
 Die **reistas** is peperduur. (1)
- 7.3 Skryf die sin oor as ’n bevelsin.  
 Hy reis deur die hele wêreld. (1)
- 7.4 Skryf die volgende sin oor.  
 Begin soos aangedui.  
 Die een krokodil is trots op sy broer.  
 Die een krokodil hoef ... (1)
- 7.5 Skryf oor in die indirekte rede.  
 Hy sê: “Ek het hom lanklaas gesien.” (1)
- 7.6 Skryf oor in die ontkenende vorm/negatief.  
 My broer reis die hele wêreld deur. (1)

**[6]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**